# DIE HUISGENOOT

VERENIG MET ONS MOEDERTAAL

Geïllustreerde Weekblad

*Onder Redaksie van Dr. H. G. Viljoen.* *Uitgewers: Nasionale Pers, Bpk., Bus 692, Kaapstad.*

Deel XII, No 283.] 26 AUGUSTUS 1927. [GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. Prys 4d.

## Aantekeninge.


DIE AFRIKAANSE EISTEDDFOD.

BLYKENS die aanvrae om voorgeskrewe stukke in die verskillende Afdelinge van die Afrikaanse Eisteddfod wat in die Stadsaal, Kaapstad, van 15 tot 28 Oktober 1927 gehou sal word, wat ons reeds bereik het, het ons alle hoop dat hierdie eerste poging om ons taal en kultuur in die Moederstad 'n stoot vorentoe te gee, met sukses bekroon sal word.

Die Eerste Minister het beloof, as sy werksaamhede dit toelaat, om die pryse uit te deel, waarvoor die Komitee hom baie dankbaar is.

Ons wil nogmaals 'n beroep op onderwysers en belangstellendes doen om hulle in belang van die Afrikaanse Eisteddfod te beywer. Die Pêrel gaan sy eie wedstryde voor dié tyd hou, en die organiseerders het belowe om hulle pryswinners na die Afrikaanse Eisteddfod te stuur. Ook Worcester het ons in dié rigting hulp toegesê. Ons vertrou dat dié voorbeelde oral navolging sal vind. Veral op musikante wil ons 'n beroep doen om aan die Eisteddfod deel te neem, daar musiek die beste aantrekkingskrag vir die groot publiek is, en dis ons mikpunt om die Kaapstadse Stadsaal met toehoorders te vul. Musiekonderwysers het hier 'n skitterende geleentheid om te toon waartoe hulle leerlinge in staat is. Ons vertrou dus dat die Afdeling Musiek die sterkste ondersteuning sal vind. Ongelukkig vind ons dat Bundel 5 van *Groot-Suid-Afrika*, deur Anna Lambrechts-Vos, waarvan ,,Kom dans met my'' vir Klas I voorgeskryf is, uit druk is. Graag ontvang ons eksemplare om aan mededingers te leen wat wil deelneem. Daar dit moeilik gaan om ook eksemplare van die ander voorgeskrewe sangstukke betyds te kry, wil ons graag van lesers hoor wat dit besit en bereid is om dit aan ons te stuur om dit aan deelnemers te leen. Verder wil ons daarop wys dat sangstukke vir *altstem* getransponeer mag word. Dan is daar nog die kore en toneelopvoeringe wat baie daartoe bydra om toehoorders te trek. Ons vertrou dat almal wat daartoe in staat is, hulle sal beywer om hierdie Afdelinge 'n skitterende sukses te maak. Byna twee maande lê nog voor, en veel kan nog in dié tyd gedoen word. Let daarop dat alle vertalinge van sangstukke en voorgeskrewe gedigte by DIE HUISGENOOT, Bus 692, Kaapstad, teen 3d. stuk verkrygbaar is. Diplomaontwerpe moet ons nie later as 25 September 1927 bereik nie, en manuskripte (Musiek en Letterkunde) nie later as 15 Oktober nie. Deelnemers moet hulle inskrywingsvorms voor die vasgestelde datums ons laat toekom, sodat hulle nommers aan hulle teruggestuur kan word. Inskrywings vir Klas 50 sluit op 10 September; vir alle ander Klasse op 24 September. Programme is by DIE HUISGENOOT teen 3d. elk verkrygbaar.

As beoordelaars het ons die beste kragte probeer kry—vakkenners in wie deelnemers vertroue kan hê. Vir die Musiekafdeling het prof. Endler, van Stellenbosch, dr. Swanepoel, wat die plaasvervanger van prof. Bell aan die Kaapstadse Uniwersiteit is, en mnr. Pickerill, Dirigent van die Kaapstadse Orkes, ons reeds hulle hulp toegesê. Vir die Afdeling Letterkunde sal dr. F. Malherbe, van die Stellenbosse Uniwersiteit, prof. M. C. Botha, van die Kaapstadse Uniwersiteit, en mevr. J. le Roux diens doen. Vir die Tekenwerk sal mevr. Caldecott-Zerffi verantwoordelik wees.



Die gebarste koepel van die Kerk van die Heilige Begraafplaas in Jerusalem wat swaar onder die aardbewing gely het. (Foto Smith.)

Mej. Doris Beyers het haar hulp as begeleidster vir die sangstukke toegesê. Die name van die ander beoordelaars sal ons spoedig aankondig. Dan wil ons nog daarop wys dat geldpryse vir *alle* Afdelinge beskikbaar sal wees. Ons sal later die name van vriende publiseer wat geldpryse uitgeloof het. Selfs uit Transvaal het ons ondersteuning in dié rigting ontvang, en ons sal baie dankbaar wees as ander vriende ons wil bystaan.

Ons het hier met 'n volksaak te doen. Slaag hierdie poging vanjaar, dan is ons daar seker van die Afrikaanse Eisteddfod in Kaapstad gaan 'n blywende instelling word wat groot vrugte vir ons taal en kultuur sal afwerp. Dit kan 'n volksfees word wat elkeen dit sy plig sal ag om by te woon. As ons saamstaan en al ons kragte inspan, behoort die Afrikaanse Eisteddfod in die toekoms so 'n aantrekkingskrag te wees dat diegene wat na die Kaap kom, hulle besoek so sal reël dat dit tydens die Eisteddfod plaasvind. Om dit te verwesenlik, moet ons almal nou propaganda maak. As die eerste poging 'n sukses is, sal die Afrikaanse Eisteddfod as 'n vaste instelling vir die toekoms verseker wees.

## *Lente.*

Dis nou weer tyd dat die doornbome
Hulle uitdos in hul groen en geel;
En velde in prag van gras en blomme
Ontplooi, deur lentegloed ontseel.

Dis nou weer tyd dat die herderwinde
Die wolke aankeer uit die wintersveld;
En die donderhingste runnik
As die blitse klap in vuurgeweld.

Dis nou weer tyd dat die groue velde
Sui aan die bulkende stormwolk;
En dat die roos- en melkwit bloeisels
Teer die lentegees vertolk.

En jy sit hier, ou seun, gehurk
Oor die wintersvuurtjie van jou smart?
Ai, jeuggoed slyt maar alte vinnig
As die winter koud waai in jou hart.

C.D.K.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012